

SONDAG: 3**VRAAG EN ANTWOORD: 6**

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?			
Antwoord: Nee, God het die mens goed	1	Genesis 1:31	Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en - dit was baie goed. En dit was aand en dit was môre, die sesde dag.
en na sy ewebeeld geskep.	2	Genesis 1:26-27	En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.
Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys.	3	2 Korintiërs 3:18	En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlijkheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die Here wat die Gees is.
		Efesiërs 4:24	en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.
		Kolossense 3:10	en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper,
			Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed. Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die sesde dag.
			Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip." God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.
			Ons almal weerspieël die heerlijkheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlijkheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.
			lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.
			en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God.